Geliefde Lourensrivierder

Dis alweer Donderdag, dis Krummeldag, dis die dag voor Vrydag ☺ en dis NOG ‘n dag van seën en genade! Dis ‘n dag waarop ons ons seëninge kan tel en bewus word van ‘n menigte dinge waarvoor ons kan dankie sê. Tog is dit vir baie mense ook ‘n seerdag, ‘n alleendag, ‘n dag wat met liggaamlike of emosionele pyn gepaardgaan…. Laat ons nie ophou om vir diesulkes te bid nie en voortdurend ‘n lysie maak van elke klein ietsie wat maak dat ons bevoorreg is. Ons staan ook elke dag op met die wete dat as seuns en dogters van die Lewende God ons nooit alleen die pad stap nie, al is dit ook ‘n woestynpad. “Al gaan ek ook in ‘n dal van doodskaduwee”…. “Al klim ons braaf uit die boot en sink tussen die branders”….. “U stok en U staf die vertroos my”…. “Sy hand bly uitgestrek, al is ons geloof wankelend”…..

Is dit nie ook maar wat ons daaglikse belydenis is nie? “Here, ek glo onwrikbaar in U, al is dit partykeer ‘n wankelende, vol-foute-geloof soos Petrus…..”

NUUSKRUMMELS: 24 AUGUSTUS 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

Kom koop solank al kaartjies vir die heerlike potjiekospotte wat daar gaan wees. Soos julle weet, vlieg die kaartjies gewoonlik (daar is net 12 van elk) en jy wil nie daardie smaaksensasie misloop nie ☺

Die volgende potjies sal beskikbaar wees: Oxtail, Hoender; Kerrie, Maalvleis; Waterblommetjie x 2; Seekos.
Julle is ook welkom om te EFT met Voorletter, Van & Soort Potjiekos as verwysing.

BENODIG NOG DRINGEND Grootkoeke, Kolwyntjies, Basaarpoeding en Quiches

Indien iemand nog wil bydra tot Voedselfees, hier is die Bankbesonderhede:
ABSA Strand, NGK Lourensrivier
Rekeningnommer: 420580231
Verwysing: Jou naam & Vfees
Enige navrae: fin@lourensrivier.co.za of 021 8535991

Vriendelike Tuin Paradys Groete tot volgende keer

Gerda: 021-8547191/0824661766 & Apolonia: 021-8537560/0825077091

HUWELIKSWEEK: 1 – 7 SEPTEMBER

Jip, dis inderdaad weer hierdie tyd van die jaar. Daar is nie nuwe kursusse nie aangesien die huidige programme baie gewild en van so ‘n aard is dat dit weer en weer gebruik kan word. Huwelike is lewend en omstandighede verander, dus het dieselfde onderwerpe nodig om keer op keer besoek en aangespreek te word.

Persone wat reeds op die webwerf geregistreer is, sal weer daagliks e-posse kry met inspirasie en iets moois. Op die webwerf is ook verskeie relevante ‘printables’ wat gratis afgelaai kan word.

Skakel na Webwerf: http://www.sahuweliksweek.co.za

Skakel na FB: https://www.facebook.com/sahuweliksweek/

Die kursus waarop ons hierdie jaar gaan fokus is:

Kommunikasie is die sement van die "huwelikshuis"

Net soos ’n huisie, het die huwelik kwaliteit kommunikasie nodig om tot stand te kom en aan te hou om suksesvol te funksioneer. Soos wat die sement van ’n huisie swak aangemaak kan wees en die huisie dan baie gou kraak, verbrokkel en breek, so ook kan kommunikasie in ons huwelikshuisies swak aangemaak wees. Die gevolg sal wees dat die huwelikshuisie ook gou kraak, verbrokkel en breek. Maar as ons kommunikasie reg is, sal die huwelikshuisie, oftewel die huweliksverhouding, nooit kraak, verbrokkel of breek nie.

Ek sal elke dag vanaf die 1ste September die nodige inligting vir die kursus per epos aanstuur. Daar sal ook weer geleentheid wees op Sondag, 17 September om jou troubeloftes opnuut aan jou maat te bevestig. Elke paartjie kry ‘n slotjie met hul name op om aan ons Liefdesbrug in die voorportaal te hang na afloop van die diens♫

Indien jy belangstel in van die ander gratis kursusse, hier volg die inligting en skakels:
(kliek op die pienk skakel, dan sal jy direk na die webwerf geneem word)

Raak weer verlief op mekaar
Laai die volledige kursus GRATIS hier af

Jou 7 dae plan vir GESKENKE gee
Laai die volledige kursus GRATIS hier af

Jou 7 dae OMGEE kursus
Laai die volledige kursus GRATIS hier af

Jou 7 dae romantiese PRETPLAN
Laai die volledige kursus GRATIS hier af

Jou 7 dae TYD kursus
Laai die volledige kursus GRATIS hier af

Jou 7 dae WOORDE kursus
Laai die volledige kursus GRATIS hier af

7 Sleutels vir 'n fantastiese huwelik
Laai die volledige kursus GRATIS hier af

Rolverdeling in die huwelik
Laai die volledige kursus GRATIS hier af

Is jy verloof?
Laai die volledige kursus GRATIS hier af

Staan jy op skei?
Laai die volledige kursus GRATIS hier af

“MAG” NIE UITMIS NIE **(nie baie kaartjies meer oor nie!)**

As jy 'n mamma, tannie, vrou, sussie, niggie, ouma of oumagrootjies is: Dit is waar jy die 9/9 MOET wees .

Moenie uitmis nie, daar is soveel bederf!

Kaartjies by Lourensrivier Kerkkantoor beskikbaar (021 853 5991)

-praise & worship
-spreker
-danse
-pryse
-eet- en drinkgoed
-photobooth

Moet asseblief nie van hierdie wonderlike oggend vergeet nie!

NAVRAE: Anneli Theron @ 071 586 1808

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING

ARBEIDSBEDIENING

Arbeidsbediening is 'n ekumeniese nie-winsgewende maatskappy (NPC) – 'n diens-arm van Christelike kerke wat alle mense in die werkplek landswyd ondersteun. Baie dankie vir die ondersteuning wat Arbeidsbediening in die verlede alreeds van u ontvang het. Sonder u hulp sou ons dit seker nooit kon maak nie. Gelukkig het daar nuwe Hulpwerkers gekom in die plek van Hulpwerkers wat ons verlaat het. Ons groei nog steeds en vind daar is 'n konstante vraag na toewyding by die werkplek. Besighede vra na Boodskappe en Bybels in verskillende tale feitlik daagliks. 'n Knelpunt op die oomblik is dat daar nie genoeg Hulpwerkers vir al die punte is nie. My ervaring is dat Onse Vader altyd voorsien het as daar iemand was wat kon vertel dat daar wel so 'n behoefte is, daarom is ons bereid om by enige Kleingroep te kom praat.
Kontak my gerus. Jan van den Berg: Tel. 021 853 1631 of Sel. 076 134 7780

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

Uitreksel uit Augustus Nuusbrief (onderaan Krummel) met veiligheidswenke vir vroue, aangesien Augustus vrouemaand is. Indien jy graag die volledige een (met baie insiggewende en belangrike inligting) wil ontvang, kontak asb Carl Gersbach @ 083 635 2114 of chgeng@telkomsa.net

STRAND BUURTWAG is die "oë en ore van die Buurt". 'n Uitnodiging aan alle Strand inwoners om asb in te skakel by die Strand Buurtwag!! Raak betrokke en maak 'n verskil!

KNIEWERK:

- Wees 'n "Prayer Worrier" saam met ons vir ons land, dorp, gemeenskap, gemeente en meer Lemari Fourie, een van ons gemeentevroue het 'n pragtige FB blad "Bid vir SA" begin. Gaan "LIKE" en bid saam: https://www.facebook.com/Bid-vir-SA-Pray-for-SA-1684359495113003/
- Kankerbehandeling: Owen Wallis; Sannie le Roux; Annette Laten; Stanley Oosthuizen
- Angelique Stassen vir gesondheid (baie dankie daar is al positiewe vordering)
- Jan Volschenk vir bestraling by Tygerberg Hospitaal
- Marie Koch steeds in hospitaal
- Piet Nortjé vir gesondheid

TERUGVOERING/GEBEDSVERHORING:

Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb op hoogte.

- Amanda Vosloo: Die gebede het my werklik gedra en krag gegee toe ek siek was met kanker. Is nou gesond maar so dankbaar vir elke gebed wat opgegaan het. Baie dankie aan besondere mense in 'n besondere gemeenskap.
- Paul Louw se laaste skanderings het gewys dat hy skoon is. Hulle sê dankie vir gebede en loof die Here!
- Owen Wallis se kankertelling het positiewe uitslae getoon, dankie Here!

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 27 AUG SE BOODSKAP: Mat 16:13-20

(TWAALFDE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Daar was reeds 'n paar geleenthede wat die dissipels gesê het wie Jesus is, soos Mat. 14:33, toe hulle gesê het: "U is waarlik die Seun van God." Hierdie uitspraak van Petrus in Mat.16:16, het egter 'n baie beslissende invloed op die belydenis van die vroeëre kerk gehad. Dit het Jesus onderskei van enige geloofsgeneser of uitdrywer van duiwels – Hy is die Seun van die lewende God! Hy is ook meer – Hy is die Christus. Die Griekse woord "*christos*" beteken: Gesalfde, en is die naam wat in die Nuwe Testament aan Jesus gegee word, in aansluiting by die Ou Testamentiese "Messias" wat ook gesalfde beteken. **Jesus is die persoonsnaam** wat aan Hom gegee is by sy geboorte (besnydenis), terwyl **Christus sy ampsnaam is**. Dié name word nie sonder onderskeiding in die Nuwe Testament gebruik nie. As die naam Christus gebruik word, is die amp van die Middelaar ter sprake. Die groot vraag vir elkeen van ons vandag, is: Wie is Jesus vir jou? Hoe ken jy Hom? Hoe bely jy Hom wanneer jy oor Hom met ander mense praat? Praat jy met ander mense oor Jesus, die Christus? Is die hemel vir jou oopgesluit en sluit jy dit vir ander mense oop? Saam met Petrus het ons ook die sleutels van die koninkryk van die hemel in ons hand en ons hart – gebruik dit tot eer van God en tot uitbreiding van die koninkryk van God.

-Willem Botes-

Romanz & Juanita du Plessis sing: Hy is Jesus! https://www.youtube.com/watch?v=fn3Bdpwavjc

Jackie@Lourensrivier

OORGEE, OMGEE, AANGEE

SOMETHING TO THINK ABOUT

4 CRUCIAL LIFE-SAVING TIPS THAT ALL WOMEN SHOULD KNOW

Because of the recent horrifying events that happened in Stellenbosch recently, women have started forming WhatsApp groups to use in emergency situations. These groups are a fast and easy way to contact others if there is ever the feeling of danger. We encourage everyone, not only women, to join one of these groups as well as joining the Strand Neighbourhood Watch and make use of our 24/7 Emergency Number for emergencies. While joining a group or downloading an app is all good and well, women need to know how to protect themselves and avoid becoming a victim. Here are 4 crucial life-saving tips that ALL women should know:

1. Be Aware of your Surroundings

When you are walking alone, or even with a friend or two, put away all your distractions and be aware of what is going on around you. Scan the areas that look dark and suspicious, like alley ways and parking lots.

When you walk, walk with confidence! An attacker may test how close he can get to you, so if you feel threatened, stand tall and shout "NO" or "BACK OFF". If you are walking alone hold your cell phone in one hand and have an emergency number ready to dial. It is also recommended that you practice using your peripheral vision to see if anyone is lurking from the sides.

2. Use your Gut Instinct

We all have that "sixth sense" or little voice inside our head telling us that something is wrong. The only problem is that many people choose to ignore it.

Your intuition is a powerful subconscious understanding of situations and the people around us. Everyone has intuition, especially women – so pay attention to it! Women tend to let their guard down and allow strangers to talk to them, but this is how an attacker gets close. If a person or a situation does not feel safe and your gut is telling you to get out, then it's time to listen.

3. Always Have a Plan

When you are threatened or attacked fear surges through your body, freezing you in panic. This is why it is so important to have a plan in place. At the time of an attack it is literally impossible for your brain to construct a plan to escape or for you to defend yourself, however if you already had a plan you're more likely to react quickly and efficiently. When you don't behave as the attacker expects you to, then you throw him off his game. So, be vocal! Screaming and shouting will attract attention to yourself. But keep in mind that every situation is different, if he plans to rob you it's best to just give him the goods and hopefully he'll leave you alone. The worst scenario would have to be if an attacker tries to take you somewhere else. Do not let him take you to another location and do not let him get you alone. If that means screaming at the top of your lungs, then do it!

4. Fight Back

Although women are strong, men have more upper body strength, height and body frame. However, it is vital that you understand that you can and should fight back.

You have the right to defend yourself, but women think that fighting back will anger the attacker and the situation will get worse. The odds of your survival are greater if you do fight back!

Do not struggle, wait for the moment when he is distracted and then strike back by aiming for the eyes, groin and throat. Remember you will probably only get one chance, so make sure it is fierce so it leaves him in shock and gives you time to escape.

The sad reality is that we are living in a world filled with violence, crime and fear. Staying safe is an issue for all of use, but especially for women. Learn these tips – know these tips! It could be the difference between life and death.